# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2S Vol 188 p 9762-9801

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-03-06

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST E

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 188

(Bladsye 9 762 - 9 801)

HOF HERVAT OP 6 MAART 1987.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : Ek verstaan beskuldigde nr. 10 is nog nie beskikbaar vir die hof nie. Al die ander beskuldigdes is hier.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, ons was gister besig gewees met die begrafnis van 23 September 1984 van die kerk tot by die begraafplaas. -- Ja, dit is so.

Kan jy vir ons sê wie was die predikante wat die prosessie gelei het of wat voor geloop het? -- Lethale, McCamel en nog 'n ander een van die Zion kerk. Dan was daar nog ander by wat nie aan my bekend was nie.

Het hulle van die kerk, uit die kerk tot by die lykswa en weer van die lykswa na hulle by die begraafplaas aangekom het, na die graf toe, voor die prosessie geloop, voor die kis geloop? --Hulle het voor geloop vanaf die kerkgebou na die lykswa toe.

En kan jy sê van die lykswa, toe hulle by die begraafplaas aangekom het na die graf toe, het hulle toe weer voor geloop? -- Ek kan nie meer onthou wat daar gebeur het nie, want met ons aankoms by die begraafplaas parkeer elkeen sy voertuig by 'n verskillende plek. Dus kan ek nie sê nie.

Het jy voor of na die lykswa by die begraafplaas aangekom? -- Na dit.

Kan jy vir die Hof sê, beskuldigde nr. 1, of hy prominent opgetree het voor die kis soos hy geloop het, hetsy na die lykswa toe of na die graf toe? -- Dit is nie dinge wat ek opgelet het nie.

Jy sê dat van die kerk af na die lykswa het die predikante voor die kis geloop? -- Ja, toe ons die kerkgebou verlaat

het/...

het na die lykswa toe, het die predikante eers die kerkgebou verlaat.

Het hulle voor die kis geloop? Dit is my vraag? -- Op daardie tydstip, ja.

Het jy dan saam met hulle geloop, want as ek reg onthou het jy gister vir ons vertel dat jy het by die predikante gestaan toe hulle uit die kerk gekom het en na die lykswa toe gegaan het? -- Ja, ek was tussen hulle daar gewees. Ek het eintlik saam met hulle gestaan.

Toe hulle na die lykswa toe stap? -- Ja, toe hulle die kerkgebou verlaat het.

Het jy nie vir beskuldigde nr. 1 opgelet dat hy ook direk voor die kis geloop het en dat die kis - en gelei het nie? -- Ek sê ek het dit nie opgelet nie. Ek het eintlik nie daarna gekyk of beskuldigde nr. 1 die kis gelei het nie. Of hy heel voor was of wat hy daar gedoen het, kan ek nie sê nie.

Beskuldigde nr. 1 is ŉ man wat van Soweto af kom. Is dit reg? -- Dit is hoe hy homself voorgestel het.

En sal dit dan iets besonders wees as ŉ man van Soweto op hierdie begrafnis die mense lei en voor die kis loop? -- Nee, dit is nie verbasend nie.

Hy is ŉ man van Azangyo en dit is ŉ Swartmagbeweging. Is dit reg? -- Ek weet nie van Azangyo nie.

En toe hulle so geloop het met die kis het hulle baie die Swartmagteken gegee met die vuis in die lug, geloop met die vuis in die lug, die mense? -- Ek het alreeds gesê dit is nie dinge waarna ek opgelet het nie. Ek het nie eintlik daarna gekyk of hulle enige vuiste met die Swartmagteken opgelig het nie.

HOF : Het u nie opgelet dat die mense met die vuis in die lug loop nie? -- Ek het dit nie opgelet nie.

MNR. JACOBS : Maar is dit dan nie iets besonders as ŉ mens by ŉ begrafnis kom dat mense met die vuis in die lug loop dat ŉ mens dit dadelik sal opmerk nie? -- Ek sien dit nie as iets verbasend nie.

Loop ŉ mens gewoonlik by ŉ begrafnis met die Swartmagteken? Is dit ŉ normale ding?

MR BIZOS : This expression "Swartmagorganisasie" en "Swartmagteken" is something that My Learned Friend is introducing to this case for the first time. I do not remember anyone telling Your Lordship what this is or what My Learned Friend means by it. Is it just one of these emotional expressions that we find in the indictment and coming from the prosecutor's mouth?

MNR. JACOBS : Die getuie is seker geregtig om te sê dit is nie die Swartmagteken nie as hy nie saamstem daarmee nie.

HOF : Hy weet nou nie wat is Swartmag nie. Dan moet u eers vir hom definieer wat bedoel u met Swartmag.

MNR. JACOBS : Kan ek dit dan so stel, ek sal sê die Amandla teken met die vuis in die lug? Is dit ŉ normale verskynsel by julle begrafnisse dat mense so optree? -- Dit is nie aan my iets nuut nie. Dit is iets wat ŉ mens baie raakloop dat mense mekaar partykeer groet op daardie manier met daardie vuis op en dan sê hulle Amandla en dit is eintlik nie iets snaaks vir my nie.

HOF : Kan ek nou net duidelikheid kry. Ek wil nou nie weet van wat na die tyd gebruiklik geword het nie, maar voor hierdie onluste in September, het u enige begrafnis bygewoon waar die mense rondgeloop het met hulle in die lug gestoot? --

Nee/...

Nee.

So, as dit nou hier sou gebeur het, dan sou dit die eerste begrafnis gewees het waar u dit gesien het? -- Ja.

MNR. JACOBS : Dan was dit mos iets besonders wat ŉ mens dadelik sal opval en onthou? -- Ek het hier gesê dat dit is nie vir my iets nuuts dat ŉ persoon ŉ vuis in die lug hou nie, want selfs mense wat mekaar groet het ek gesien dat dit gebeur het. Dit het ook met my al vantevore gebeur, dit wil sê voor hierdie dag dat ek mense met ŉ vuis gegroet het op dieselfde manier. Dus sal ek nou nie weet was ŉ persoon sy hand so opgelig het met die vuis, al is dit nou by die begrafnis, of die persoon nou iemand gegroet het wat aan daardie persoon bekend is nie.

Maar as die hele groep in die omgewing, sommer almal hulle hande in die lug het, dan is dit nie ŉ groet nie. Stem u saam? -- Nee, dit is nog steeds ŉ manier van groet. Byvoorbeeld as ek nou by ŉ klomp mense kom en vir hulle op daardie manier groet en die hand oplig met ŉ vuis en sê Amandla, sal die mense my teruggroet op dieselfde mander.

Het dit al gebeur dat een daar gekom het en Amandla geskreeu het, toe groet almal terug? Is dit wat jy vir die Hof te kenne wil gee? -- Die sprekers daar, toe hulle opgestaan het vir toesprake het hulle opgestaan en gesê Amandla. Die gehoor het daarop gereageer en gesê Awethu.

So, hulle het mekaar klaar gegroet in die gehoor, maar ek is besig met hier waar hulle geloop het van die kerk af na die lykswa toe, dat die mense almal tot daar voor die kis geloop het of ŉ groot meerderheid van hulle met ŉ vuis in die lug? -- In my antwoord het ek gesê dit is nie ŉ ding waarna ek gekyk het om te sien dat dit gebeur het nie.

Tweedens/...

Tweedens, ek het dit nie opgelet nie. Indien ek dit wel gesien het, sou ek nie geweet het of daar iemand nou gegroet het op daardie wyse as gevolg waarvan dan die meerderheid soos dit gestel word gereageer het op hierdie manier nie.

Kan jy sê by die graf, het die mense daar met vuiste in die lug geloop? Daar by die begraafplaas toe hulle nou na die graf toe loop? -- Aangesien ek nie daarna opgelet het nie, het ek dit nie gesien nie. Ek weet nie of dit so gebeur het nie.

Het beskuldigde nr. 1 'n T-hempie aangehad? -- Daar was baie persone met T-hemde aan. Dus kan ek nie vir die Hof sê of ek nou opgelet het dat hy die persoon is wat 'n T-hemp aangehad het nie.

Wat se baie T-hemde was daar? -- Ek het dit ook nie opgelet watter T-hemde in die meerderheid daar verskyn het nie.

Sê nou net vir my, wie het vir jou gevra watter T-hemde het in die meerderheid verskyn? Wie het dit gevra? -- Wat ek daarby bedoel is die volgende. Ek het gesien dat mense T-hemde aan het, maar ek het nie opgelet watter organisasie se T-hemde dit is of wat die geskrif op die T-hemp was om dit te kan identifiseer nie.

So, jy sien die T-hemde en jy kan nie vir die Hof sê enigeen van hulle wat daarop gestaan het nie? -- Dit is nie dinge wat ek daar opgelet het nie.

<u>HOF</u> : Was dit T-hemde met woorde daar op of was dit 'n doodgewone T-hemp met niks voor of niks agter op nie? -- Dit was T-hemde met iets op geskryf.

<u>MNR. JACOBS</u> : Jy kan lees, nè? -- Baie.

Kon jy gesien het of daar COSAS T-hemde was? -- Was

ek miskien nuuskierig en besonder gewillig om te lees om te sien wat daar geskryf was, sou ek dit gesien het.

Ek wil dit aan jou stel dat die kis in hierdie geval is op die skouers gedra, hetsy na die lykswa toe of hetsy na die graf toe?

HOF : By albei geleenthede of die een of die ander?

MNR. JACOBS : Ek probeer by hom vasstel. Dit moet by een van die twee geleenthede wees? -- Ek het nie daarna opgelet nie.

En ek wil dit aan jou stel daar was ook 'n banier gewees wat gedra was? -- Dit het ek ook nie opgelet nie.

En dat dit 'n banier was van Vaal Youth League - Vaal Youth Congress eintlik? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Dan wil ek ook aan jou stel as jy daar was, jy het gister vir die Hof gesê jy het eenkant gestaan by die predikante dan moes jy hierdie banier gesien het en jy moes ook gesien het dat die kis word op die skouers gedra? -- Dit is nie so dat ek dit moes gesien het terwyl ek by die predikante daar gestaan het nie. Afhangend of ek daarop gekonsentreer het. Indien ek nie daarop gekonsentreer het nie, sou ek dit nie gesien het nie al staan ek waar en hoe naby by die predikante.

Want ek wil jou verwys hier na sekere bewysstukke wat by hierdie hof ingehandig is. BEWYSSTUKKE AAU. Nr. 1 is 'n kleurfoto waar die kis op skouers van mense gedra word en die mense wat in die omgewing van die kis is met hulle hande in die lug staan, beskuldigde nr. 1 op die voorgrond in 'n Asangyo T-hempie geklee met ook blykbaar McCamel en 'n ander predikant wat daarop verskyn. Dan wil ek die tweede ook net aan jou beskryf wat ek vir jou wil wys. Dit is BEWYSSTUK AAU2. Dit is 'n swart en wit foto waarop die

groep/...

groep wat die kis dra weer verskyn op die foto, McCamel heel aan die voorgrond, beskuldigde nr. 1 waar hy met die hand staan en na die skare terugkyk en iets blykbaar skreeu, die skare om die kis almal met die hande in die lug staan en die vlag of die banier wat ek beskryf het Vaal Youth Congress One Man One Vote, Zone iets en die onderste kan ek nie uitmaak nie. Op 'n later een sal ons hom duideliker kan sien. Ek kan net sê op 'n later foto kom dit duidelik uit Zone 14 Branch. Die derde foto BEWYSSTUK AAU3 is weer 'n kleurfoto met die skare by die vlag met hulle hande in die lug en die banier wat dan weer duidelik daar getoon word. AAU4 is die vierde foto. Dit is by die graf en dit toon die mense wat in die pad stap, 'n groep met die hande in die lug met die vuis gebal en AAU5 is 'n foto van die vlag of banier wat geneem is met die stokke aan en waar dit staan Vaal Youth Congress One Man One Vote Zone 14 Branch. U kan nie betwis dat dit is soos dit daar was nie, nè? -- Al kommentaar wat ek kan lewer omtrent hierdie foto's is dat ek nie weet waar hierdie foto's geneem was nie.

Betwis u dat dit geneem is op die begrafnis van 23 September 1984 van Sithole? -- Ek sê nie ek betwis dit nie. Ek sê ek weet nie.

Hierdie Vaal Youth Congress, wat weet jy van die Vaal Youth Congress af? -- Ek weet niks daarvan nie.

Jy sê dat jy het op 30 Junie 1984 die algemene raad se vergadering bygewoon in Khotso House Johannesburg? Die algemene raad van UDF, nè? -- Ja, dit is so.

Saam met wie is jy na Johannesburg toe vanaf Vereeniging om die vergadering by te woon? -- As ek nog reg onthou was ek saam met Esau. Onder korreksie, ek is nie seker of dit

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 17 is wat ook by was nie.

Hoe het dit gekom dat jy nou saam met hulle gegaan het na hierdie vergadering van UDF? -- Dit is na ons met hulle daar bymekaar was by die protes teen hierdie fees wat gehou was in Evaton, waar hulle dit aan ons bekend gemaak het dat daar geen probleme is vir 'n verteenwoordiger om by te wees by hierdie algemene vergadering nie, al het jou organisasie nog nie die affiliasiefooi betaal nie.

Wie is hulle wat dit aan jou bekend gemaak het?-- Wie pertinent dit gesê het kan ek nie sê nie, want dit was genoem in 'n vergadering wat ons gehou het in voorbereiding van die protes wat moes plaasgevind het ten opsigte van hierdie fees.

Hoe het dit dan gekom dat julle op hierdie vergadering gepraat het van UDF se vergaderings? Julle is mos nou met voorbereidings besig vir die protes teen die fees? -- Dit was na aanleiding van die besluit wat geneem was op 6 November 1983 dat die Evaton Ratepayers ook sal moet affilieer aan UDF. Ek het dus aan hulle verduidelik dat ons wag nog om genoeg geld te hê om die nodige fooie vir affiliasie te kan betaal, dat die gesprek nou begin het.

Het jy die gesprek geopper of wie het dit geopper? -- Ek het dit geopper.

Hoe het dit dan gekom dat jy na hierdie vergadering spesifiek saam met Esau gery het of dat jy en Esau in een voertuig was? --Aangesien hy geweet het van die datum wanneer die algemene raadsvergadering gehou sal word, het ek dus hom versoek om my op te tel dat ek saam met hom gaan.

Wanneer het jy hom versoek? -- By hierdie selfde vergadering waar ek dit geopper het, het ek hom versoek dat

indien/...

indien daar enige vergadering gehou gaan word binnekort van die algemene raad, versoek ek dat hy my moet optel om saam met hom te gaan om die vergadering by te woon.

Wanneer was die vergadering waarop julle dit bespreek het en jy hom versoek het om jou op te laai met die volgende vergadering? -- Dit was om en by daardie tyd in Meimaand, vroeg in Mei.

Vroeg in Mei? -- Ja, dit was in daardie tyd toe hulle by my aangedoen het dat ons nou voorbereidings moes gemaak het vir die protes van die fees by die stadium.

Kan jy vir ons nader besonderhede gee? Was dit nou die eerste week van Mei, die tweede week van Mei, was dit die eerste helfte van Mei? -- Aangesien die voorbereidings wat ons moes gemaak het betrekking gehad het op die fees van 12 Mei, was dit nie lank voor hierdie dag van die voorbereidings nie.

So, dit was voor 12 Mei wat jy hom versoek het om jou saam te neem na die algemene raadsvergadering toe? -- Ja.

Het hy toe vir jou gesê op daardie vergadering wanneer is die datum van die volgende vergadering aangesien hy nou geweet het? -- Hy het bevestig dat hy op pad is soontoe na die algemene raadsvergadering, sal hy my kom optel.

U sien, want die volgende algemene raadsvergadering was in Mei gewees? 19 Mei om presies te wees was die volgende raadsvergadering?

MR TIP : My Lord, is My Learned Friend suggesting that Mr Raditsela was present at that meeting on 19 May?

MNR. JACOBS : U Edele, My Geleerde Vriend kan nie nou op hierdie stadium beswaar maak voordat ek so gesê het nie. Ek het nie so gesê op enige stadium nie. Ek weet nie wat

die/...

die doel is dat hy my in die rede kom val met hierdie getuie nie.

COURT : What is the purpose of the objection?

MR TIP : I do not know if I want to elaborate on it, whether it would be proper for me to do so now, but ... (Court intervenes)

COURT : Obviously, the VCA was notified of this meeting if it was on 19 May. Your objection is not upheld. Gaan voort met die kruisondervraging.

MNR. JACOBS : Wat is jou antwoord? -- Herhaal die vraag asseblief?

My vraag was gewees dat daar was toe 'n algemene vergadering gehou op 19 Mei en ek stel dit aan jou waarvan hulle bewus was van die datum, dat daar so 'n algemene vergadering sou wees? -- As hulle geweet het was dit vir hulle om te besluit wat hulle daaromtrent gaan doen.

So, gaan jy nie maklik daarby verbykom nie. Jy het mos gevra van die volgende algemene vergadering, dan wil jy saamgaan. Jy wil weet wanneer is dit want hulle ken die datum. Is dit reg? -- Omdat ek nie geweet het wanneer was die eerste vergadering na my versoek nie, kon ek vir hulle nie gesê het om my spesifiek op te tel vir daardie datum van die vergadering van die algemene raad nie. Hulle is die mense wat geweet het. Dit het van hulle afgehang of hulle besluit het om my op te tel om na die betrokke vergadering toe te gaan.

Jy kon mos op jou eie gegaan het? -- Ek het in my getuienis vroeër gesê ek is die persoon wat aan hierdie mense gesê het dat ons het nog nie die R100,00 as fooie om vir aansluiting te betaal nie. Dus kan ons nie die algemene

raadsvergadering/...

raadsvergadering bywoon nie. Na aanleiding waarvan hulle toe gesê het dit is eintlik nie nodig dat jy eers die geld moet betaal om die vergadering by te woon nie. Dus, ek kon net nie sommer so op my eie gegaan het nie. Ek moes 'n gewag het vir 'n persoon wat op hoogte is van die gebeure daar om saam met my te gaan.

Kom ons toets net 'n bietjie daardie antwoord van jou. Op 6 November 1983 het twee prominente lede van UDF volgens jou getuienis julle toegespreek? -- Ek weet nie of hulle prominente lede was nie. Al wat ek kan sê is, hulle was deur die UDF gestuur om 'n toespraak te kom maak.

Hulle was deur UDF gestuur? -- Ek sê hulle was deur UDF gestuur, want ons het van UDF gevra te Khotso House vir hierdie sprekers.

Spesifiek vir daardie twee of het julle vir enige sprekers van UDF gevra? -- Destyds het ek niemand by name geken as lede van UDF nie, behalwe dat ek net geweet het daar is UDF en dus 'n versoek gerig het dat UDF vir ons sprekers moet stuur.

En die sprekers wat gekom het, sê jy is wie? -- Curtis Nkondo en Elliot Shabangu.

En jy het gegaan na Khotso House om te reël om hierdie sprekers daar te kry? -- Ek het 'n versoek gerig vir sprekers, nie by name gevra nie.

Het jy persoonlik gegaan? Het jy versoek gerig oor die telefoon? Het jy die versoek gerig per brief? -- Ek het persoonlik soontoe gegaan.

Na die UDF kantore toe? -- Dit is so.

En met wie het jy daar gepraat? -- As my geheue nog reg is het ek met 'n persoon met die naam van Pat Lephunya

gepraat/...

gepraat.

Wat het jy vir hom gesê? -- Wat ek aan die persoon oorgedra het is dat ek 'n lid is van die Evaton Ratepayers. Ek is hiernatoe verwys deur my vereniging omdat ons voorsitter by 'n vergadering van VCA se stigting teenwoordig was, waar hy nou gehoor het van die sprekers van die UDF en dus het hy my versoek om hiernatoe te kom om 'n versoek te rig dat hulle vir ons sprekers moet stuur om ons te kom toespraak op hierdie dag aangaande die doel en late van UDF.

Het jy dit aan hom ook gesê dat julle oorweeg dit om aan te sluit by UDF, dit is daarom wat julle wil weet wat UDF doen? -- Nee, ek het dit nie aan hom gesê nie. Al wat ek vir hom gevra het is dat hy vir ons sprekers moet stuur. Dit is al.

Het jy nie vir hom gesê hoekom wil julle nou weet van UDF nie? -- Ek het niks wat dit betref aan hom gesê nie. Al wat ek gesê het is dat hy vir ons sprekers moet stuur en dit is die einde.

Goed, kom ons gaan terug na die vergadering van 6 November. Toe kom hierdie twee manne van UDF daar aan en ek neem aan dat jy wat die organisasie gedoen het, het gereël om hulle te ontvang? -- Die sprekers het by die Roomse Kerk aangekom omdat hulle gesê was dat die vergaderplek by die Roomse Kerk is. Dus het ek hulle vir die eerste keer ontmoet daar by die Roomse Kerk waar ons hulle ontvang het.

En hulle het toe verduidelik van die doen en late van UDF? Dat dit 'n goeie organisasie is om aan te sluit? -- Ja, Curtis het dit verduidelik.

En die ander een? -- Hy het nie veel gepraat van die UDF nie, maar wel gepraat van die Trade Unions.

Na/...

Na die vergadering en na die vergadering nou besluit het dat ERPA moet aansluit by UDF, hy moet affilieer, neem ek aan julle het toe vir hulle gevra hoe moet julle te werk gaan om aan te sluit? -- Ja.

Hulle het toe seker vir julle gesê julle moet ŉ aansoekvorm uitskryf, skriftelik aansoek doen? -- Wat hy gesê het was UDF is nie snaaks om uit te soek watter organisasies by hulle kan affilieer nie. Al wat hy gesê het was die volgende dat by UDF kan jy nie as ŉ persoon alleen aansluit nie. Jy kan by hulle aansluit deurdat jy ŉ lid is van ŉ organisasie wat by hulle geaffilieer is. Net op daardie manier kan jy dit doen en die fooie wat benodig word is R100,00.

HOF : Maar is dit nou toe hy die vergadering toegespreek het gesê of is dit gesê nadat daar besluit is om te affilieer en julle hom nou gevra het hoe doen ŉ mens dit? -- Dit het hy gedoen na die besluit dat Evaton Ratepayers by UDF affilieer.

MNR. JACOBS : So, hy het dit nie in sy toespraak aan die gehoor gesê nie? -- Dit is nie wat hy gesê het terwyl hy besig was om ŉ toespraak te maak nie.

En daarvan is jy nou baie seker? -- Ja, ek is seker.

Julle vra vir hom hoe moet julle te werk gaan om aan te sluit. Het hy dan nie aan julle verduidelik, julle moet na die kantoor kom of wat julle moet maak om aan te sluit nie? -- Die persoon sê vir ons dat die fooie benodig vir die aansluiting by UDF is R100,00. Wat my betref is daar geen ander plek betaalbaar kan wees nie, behalwe by die kantore van die UDF.

Dit is nie wat ek vir jou gevra het nie, want jy ontwyk my vraag. Ek vra vir jou, het julle nie vir hom gevra

hoe/...

hoe gaan jy te werk om aan te sluit nie? Vergeet van die affiliasiefooie. -- Op hierdie stadium het ons aanvaar dat alvorens jy kan affilieer aan UDF moet jy 'n bedrag van R100,00 by jou hê.

Maar hier is die man by julle. Hoekom vra jy hom dan nie? -- Ons het hom nie gevra nie, want ons het goed verstaan toe hy melding gemaak het van die R100,00 wat 'n mens moet hê. Dus het ons aanvaar dat ons eers die R100,00 behoort te hê.

En hy is by julle en julle vra hom nie? -- Dit is wat ek sê. Ek het hom nie gevra nie, omdat ons gehoor het ons moet R100,00 gaan betaal.

En hy vertel ook nie vir julle wat is die voordele daarvan en hoe julle vergaderings moet bywoon en wanneer nie? -- Ons het dit nie van hom gevra nie.

En julle vra ook nie vir hom wat is die moontlikheid dat hulle vir julle uitstel gee vir die betaling, dat julle kan afbetaal in paaiemente nie? -- Ons het dit nie gevra nie.

Julle vra hom ook nie of dit vooruit betaal moet word en of julle agteruit kan betaal, nadat 'n jaar verloop het dan betaal julle nie? -- Luister, wat daar sou gebeur het is die volgende. Terwyl ons die geld weggebring het na die kantore toe, indien daar enigiets was wat bevraagteken word, sou ons dit daar gehoor het dat hulle vir ons sê "kyk, dit moes julle gedoen het en dit moes julle gedoen het om hier aan te sluit met hierdie fooie wat julle het."

HOF : Is Nkondo en Shabangu daar weg van julle af salig onder die indruk dat julle nou op die daad gaan aansluit of aangesluit het terwyl julle onder die indruk was dat julle nie kon aansluit nie? -- Ek weet nie wat die indruk by hulle was wat dit betref nie, maar wat ons verstaan het was

alvorens/...

alvorens die R100,00 betaal is, kan ons nie affilieer nie.

Maar het Nkondo en Shabangu dan nie vir julle gesê "Nou ja, sien julle by die volgende algemene vergadering" nie? -- Nee, hulle het nie so gesê nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Het hulle aan u gesê dat u deur 'n streeksraad, 'n "regional council" moet affilieer? -- Nee, hulle het geen melding van die streeksverteenwoordigers gemaak nie, want in die eerste plek was dit die aansluit van UDF. Ons het nie geweet wat die strukture is in UDF nie.

MNR. JACOBS : Het hulle vir julle vertel watter vergaderings moet bygewoon word en hoe dit moet bygewoon word? -- Nee, dit was ook nie genoem nie. Eintlik wat die vergaderings betref, was daar geen melding daarvan gemaak nie. Al wat hulle van gepraat het, was die affiliasiefooie en ook toe verduidelik hoe die UDF te werk gaan.

So, julle het nie eers geweet dat daar moet afgevaardigdes gekies word om na so 'n vergadering te gaan nie? -- Dit kan ek nie onthou of hulle daarvan gepraat het of nie.

Ook nie eers geweet dat ERPA mag algemene raadsvergaderings bywoon nie? -- Ek sê wat betref die afgevaardigdes, kan ek nie onthou dat hulle enige melding daarvan gemaak het nie.

En julle was heeltemal in die duister wat ERPA aanbetref dat julle moet afgevaardigdes aanwys om sekere van die vergaderings van UDF te kan bywoon? -- Ek weet nie of hulle daardie indruk geskep het in hulle woorde daar dat daar afgevaardigdes gestuur moet word na die UDF nie en ek kan ook nie sê hoe ek dit dan bekom het nie.

Wat bekom het? -- Die kwessie van die stuur van afgevaardigdes.

Wat/...

Wat was jou inligting? Stuur van afgevaardigdes, as hulle dit nie daar vertel het nie, waarheen sou julle dit stuur, om watter vergaderings by te woon? Julle weet mos nou niks van die UDF nie? -- U is heeltemal reg as u sê ek het niks van die UDF geweet nie. Ek sou vir die heel eerste keer goed geweet het van die UDF die dag wat ek die R100,00 gaan betaal het.

Maar dit antwoord nie my vraag nie.

HOF : Herhaal die vraag.

MNR. JACOBS : Julle het mos nou niks geweet van die UDF nie. Julle het nie eers geweet dat daar vergaderings bygewoon kan word nie. Julle het nie eers geweet dat daar afgevaardigdes moet wees nie. Julle weet mos nou niks van die UDF nie, behalwe dat hierdie man vir die vergadering daar kom vertel het dat julle kan affilieer teen R100,00? -- Ek het nou net vir u in antwoord gesê dat Nkondo het net melding gemaak by hierdie vergadering hoe 'n mens te werk moet gaan om by UDF geaffilieer te wees. Hy het geen melding daarvan gemaak hoe 'n persoon die vergadering kan bywoon nie en of daar afgevaardigdes gestuur moet word nie. Hoe ek daarvan geweet het dat daar afgevaardigdes gestuur moet word, kan ek ook self nie verklaar nie. Ek kan nie sê hoe ek daardie inligting bekom het nie.

Jy sien, jy gee vir my nou 'n interessante antwoord. Jy sê Nkondo het verduidelik hoe julle te werk moet gaan of hoe te werk gegaan moet word om by UDF te affilieer. Het hy aan julle verduidelik hoe julle te werk moet gaan om te affilieer? -- Wat my betref het hy aan ons genoeg vertel toe hy gesê het dat ons die R100,00 sal moet gaan betaal.

Nou verstaan ek dan nou reg, dat ek nie twyfel

daaroor nie, dat die werk te gegaan moet word om by UDF te affilieer is al wat hy daaroor vertel het, hoe dat julle moet R100,00 affiliasiefooi betaal. Dit is al? -- Kyk, ek herhaal dit nou meer as een keer. Ek het alreeds gesê ek kan nie sê hoe dit gekom het dat ek hierdie inligting gekry het dat daar afgevaardigdes gestuur kan word na die algemene raadsvergadering van die UDF nie. Dit beteken ek kan nie sê of dit daar genoem was by die dag van die vergadering terwyl Nkondo daar was en of ek iewers daarvan gehoor het nie.

U antwoord dus nie my vraag nie, want jy sê hy het gesê hoe te werk gegaan moet word. Nou vra ek vir jou 'n eenvoudige vraag, wat jy onthou wat hy gesê het hoe dat te werk gegaan moet word om met UDF te affilieer, is om die R100,00 affiliasie te betaal? Is dit wat dit is? Is dit so of is dit nie so nie? -- Wat ek sê is dat ek kan duidelik onthou dat Nkondo gesê het 'n bedrag van R100,00 is betaalbaar om te affilieer aan UDF. Dat hy nou melding daarvan gemaak het dat daar mense moet wees wat hierdie organisasie van ons verteenwoordig by die algemene raadsvergadering van UDF, dit kan ek nie sê of hy so gesê het daar nie. Dit is wat ek sê.

Toe jy met Esau gepraat het op hierdie vergadering voor 12 Mei 1984, wat se inligting het jy gehad, wat se vergadering mag 'n geaffilieerde van UDF bywoon? -- Ek sal nie kan sê by watter vergaderings wat ons gehad het voor hierdie dag van die demonstrasie het ons dit bespreek nie.

Is dit die vraag wat ek jou gevra het? -- Nee, maar ek het verstaan u vraag is, by watter vergadering was dit gewees wat ek en Esau gepraat het oor die manier wat 'n

mens/...

mens moet volg om by die UDF aan te sluit. Was dit nie u vraag nie?

Ek sal versoek dat jy na die vrae luister. Ek neem aan die tolk ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : Actually the witness is right.

COURT : The witness is not right. The question was "Toe jy met Esau praat op 'n vergadering voor 12 Mei 1984, watter inligting het jy gehad oor UDF vergaderings?" So, die vraag is watter inligting het jy gehad oor UDF vergaderingsprosedure ensovoorts. That question has still not been answered. -- Ek het geweet dat daar R100,00 betaalbaar is vir die affiliasie by UDF en ook was ek daarvan bewus dat daar afgevaardigdes gestuur moet word van ons organisasie. Dit beteken dus dat ek sê ek sal nie sê dat ek nie geweet het, dat ek nie daarvan bewus was dat daar afgevaardigdes gestuur sal moet word na die algemene raadsvergaderings van UDF nie.

MNR. JACOBS : Hoe het jy geweet dat die afgevaardigdes die algemene raadsvergderings van UDF mag bywoon, want UDF het verskillende vergaderings? -- As gevolg van u kruisverhoor wat gebaseer is op die algemene raadsvergaderings van UDF en die feit dat ek later as 'n afgevaardigde gestuur was om dit by te woon, sê ek ek is nie hier in die hof in staat om vir u te sê dat ek kennis gedrag het daarvan dat my organisasie 'n afvaardiging mag stuur na die vergadering toe nie of kan ek vir die Hof sê dat ek nie kennis gehad het dat dit nie gedoen mag word nie.

Jy het vir ons gister gesê jy was die enigste afgevaardigde wat deur jou organisasie aangewys was. Is dit korrek? -- Ja, dit is korrek.

En net om dit duidelik te maak sodat daar nie twyfel

kan/...

kan bestaan nie, as ʼn afgevaardigde om die UDF algemene raad se vergadering by te woon? -- Ja, dit is so.

Wanneer het jou vereniging of jou organisasie daardie besluit geneem? Kan jy vir ons sê? -- Kort na ons verneem het van Gebied 7 se mense dat ons die vergadering kan bywoon, sonder om die nodige fooie te betaal was dit besluit.

Het jy teruggerapporteer aan jou organisasie ERPA van wat jy gehoor het in Gebied 7? -- Is u vraag dat ek gerapporteer het aan my organisasie van wat ek verneem het by Gebied 7 se mense of wat ek verneem het van die UDF se mense?

Het jy dan by UDF se mense iets gaan verneem? -- Dit is die algemene raad van UDF wat ek na verwys.

Het jy by hulle iets verneem voordat jy ʼn afgevaardigde was? -- Nee, al wat ek wil verstaan en duidelikheid oor wil hê is, is u vraag dat ek ʼn rapport gemaak het aan my organisasie oor wat ek verneem het van Gebied 7 se mense of is u vraag dat ek ʼn rapport gemaak het aan my organisasie as gevolg van wat ek verneem het by die algemene raadsvergadering van UDF?

Ek sal die vraag weer vra. Ek het vir jou gevra nadat jy van Gebied 7 se mense verneem het van wat die prosedure is het jy toe aan jou organisasie gaan rapporteer dat jy kan vergaderings gaan bywoon al het jy nie jou affiliasiefooi betaal het nie? Dat Esau vir jou gesê het, Esau se mense? -- Ek was nie die enigste persoon wat betrokke was by die vergadering met Gebied 7 se mense waar hierdie inligting bekend gemaak was aan ons nie. Daar was nog ander lede teenwoordig van my organisasie. Dit wil sê die "Ratepayers Association." Dit is reg. Toe ons nou ons vergadering gehou

het/...

het, dit wil sê van die Ratepayers Association, was dit aan die vergadering van ons bekend gemaak.

Wanneer was die vergadering van die Ratepayers Association? Was dit nog voor die protesoptog op 12 Mei ... (Hof kom tussenbei)

HOF : *Nie protesoptog nie. U bedoel die feesvierings van 12 Mei?*

MNR. JACOBS : Die feesvierings dan liewers. -- Ek kan nie meer onthou of dit voor dit was of daarna nie.

En op hierdie vergadering waar jy die inligting bekom het vanaf Esau se mense, het hulle ook vir jou gesê dat die volgende algemene raad se vergadering is op 19 Mei? -- Niemand het vir my spesifiek gesê watter datum ek opgetel sal word nie. Al wat Esau gesê het was die dag wat hy ꞑ algemene raadsvergadering bywoon, sal hy my optel.

Hy het nie vir jou gesê wanneer dit is nie, die datum, sodat jy jou reëlings kan tref om nie oorval te word op ꞑ skielike oomblik nie wanneer jy miskien nie kan gaan nie? -- As ek reg onthou is dat voor hy my na die eerste algemene raadsvergadering toe geneem het, het hy my vroegtyd laat weet wanneer dit sal wees.

So, hy gee nie vir jou die datum nie. Sê vir my, dit is vir my heel interessant, jy maak reëlings met Esau dat hy jou sal kom optel om na die raadsvergadering toe te gaan terwyl jy nog nie ꞑ volmag van jou organisasie gehad het nie. Hoe is dit moontlik? -- Toe Esau dit gesê het, was dit gesê in die teenwoordigheid van ander lede van my organisasie daar en dat ek as ꞑ afgevaardigde gestuur was om soontoe te gaan. Ek was uitgewys deur my komitee as ꞑ persoon wat as ꞑ afgevaardigde daar kan wees.

Maar/...

Maar op daardie stadium het jy nie geweet dat jy gaan ʼn afgevaardigde wees nie? Dit kon enige van die ander lede van jou komitee wat op daardie selfde vergadering gewees het nie, wat die afvaardiging kon gewees het? -- Ja, dit is reg.

Nou hoekom reël jy dan dat hulle jou sal kom haal en dat hy jou vroegtydig sal kom sê?

HOF : Gaan dit ons nou baie verder neem, mnr. Jacobs. Hy sê Esau het vir my gevra toe hy navraag doen oor die goed, toe hulle daaroor praat, "Wel,as ek nou weer na die vergadering toe gaan sal ek jou oplaai." Toe sê hy "Baie dankie." Moet hy nou vir hom sê "Kyk, ek het nog nie ʼn volmag nie. Moet nie beloftes maak nie"?

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan jou stel dat eintlik en voorlopig of op hierdie stadium gaan ek dit aan jou so stel dat julle het lank voor dit geaffilieer met UDF. Ek wil dit ook aan jou stel dat julle het geweet van die vergaderings en die datums van die vergaderings? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Is ek reg dan dat van UDF op daardie vergadering van die 30ste Mei 1984 was dit beskuldigde nr.17 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net ʼn oomblik. 30 Junie 1984.

MNR. JACOBS : 30 Junie 1984 was dit van VCA se verteenwoordigers wat daar was, Esau Raditsela en beskuldigde nr. 17? -- Ek is duidelik en ek onthou dit duidelik van Esau. Wat beskuldigde nr. 17 betref, is ek nie seker of ek moet sê hy was daar nie. Dit lyk of hy daar was. Ek kan nie met sekerheid sê nie.

Maar as u saam met die twee mense gery het soontoe

en/...

en terug, dan moet jy mos weet saam met wie het jy gery? -- Ja, dit is so, ek behoort te weet.

Dit is in elk geval volgens BEWYSSTUK 26 so dat beskuldigde nr. 17 die ander afgevaardigde van die VCA was wat daardie vergadering bygewoon het? -- Dit kan so wees, ja.

En as 'n mens kyk na BEWYSSTUK Q2, die notule van daardie vergadering, dan blyk dit dat ERPA het op daardie vergadering gesit as 'n volle geaffilieerde. Op paragraaf 1.1.1 sê hulle die geaffilieerdes "Affiliates Evaton Ratepayers Association." Stem u saam? -- Ja, dit is so.

En stem u saam met my dat in die notule van hierdie vergadering kom daar niks voor dat jy op hierdie vergadering sou opgestaan het en gevra het om toegelaat te word mondelings as 'n geaffilieerde van UDF nie? U kan hom maar deurkyk as u nie my woord wil aanvaar nie. -- Ja, dit is so.

Nou vind jy dit nie snaaks dat julle affiliasie word nie, 'n uitsondering word nou gemaak, julle word nie behandel of gemeld in hierdie notule nie? Dit is mos iets buitengewoons. Stem u saam? -- Nee, dit is nie so nie, want toe ek hierdie vergadering bygewoon het, het ek net daar ingegaan sonder om my self voor te stel.

O, jy het ingegaan en sonder om jou self voor te stel net gaan plek inneem in die vergadering? -- Wat ek daar gedoen het sonder om myself mondelings voor te stel, het ek in die register geteken. Dit is die bywoningsregister by die deur. Dit is alvorens ek my self voorgestel het as 'n persoon wat daar teenwoordig is. Waar die geaffilieerdes teken het ek geteken as 'n persoon wat namens die geaffilieerde Ratepayers Association by die vergadering is.

Gaan aan. -- Dit is die antwoord.

Is dit al wat jy gedoen het? Toe het jy gaan sit in

die/...

die vergadering en geluister? -- Ja.

HOF : Was jy die heel eerste persoon wat daar geskryf het? -- Ek dink ek was die eerste persoon daar om te skryf, want ons het vroeg daar aangekom, want ons het ons plek vroeg verlaat. Ek is nie seker nie.

MNR. JACOBS : Laat ek net jou bewegings duidelik kry dan.

HOF : Het Esau ook geteken daar by die deur? -- Ja, as ek reg onthou het hy.

Na u? -- Ek kan nie meer onthou wat die volgorde was nie, want daar was 'n tou gewees as ek reg onthou. Mense wat toegang gekry het, moes eers geteken het.

MNR. JACOBS : Dan wil ek net julle bewegings 'n bietjie duidelik kry. Toe julle gearriveer het daar, het julle reguit na die vergadersaal gegaan? -- Ja, dit is reg. Ons het direk na die saal gegaan

En in die saal ingegaan nadat jy die register geteken het. Is dit reg? -- Die register is by die deur.

En toe het julle julle plek in die gehoor gaan inneem? -- Ek weet nie of ons daar by ons plek gaan sit in die gehoor of wat daar toe verder gebeur het nie.

Het jy gepraat op daardie vergadering, enigiets gestel daar? -- Ek kan nie onthou dat ek gepraat het by hierdie vergadering nie. Dit kan ek nie onthou nie.

Maar dit is mos nou die eerste vergadering van UDF wat jy volgens jou bywoon, dan sal jy mos nou weet of jy daar gepraat het? -- Ek het daar weggebring by hierdie algemene raadsvergdering. Ek het verwag dat ek tyd sou kry om dit oor te dra en ek het gevind dat daar nie tyd was vir my om dit te doen nie.

So, met ander woorde, jy het dan nie gepraat op

daardie/...

daardie vergadering nie? -- Ja, as ek onthou, dit wat ek eintlik moes oorgedra het, het ek nie by hierdie algemene raadsvergadering oorgedra nie.

En as ek nou-nou jou getuienis reg verstaan het, ek mag verkeerd wees, sê jy julle is vroeg daar weg? -- Ja, ek onthou dat toe ons daar weg is, het ons vroeg vertrek.

Was die vergadering nog aan die gang? Beteken dit dat julle so vroeg vertrek het dat toe hulle nog besig was, is julle uit om te ry? -- Nee, daar is 'n misverstand. Ek sê ons het van ons huis af vroeg vertrek en dus vroeg voor die tyd van die vergadering daar opgedaag, heelwat vroeër as wat die vergadering moes begin het. As ek reg is was die vergadering veronderstel om te begin tussen 13h00 en 14h00. Ek is nie seker nie, maar ons was lank voor dit daar.

En is julle nie vroeg voordat die vergadering geëindig het daar weg nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het jy met enige van die amptenare of ander beamptes in UDF se kantoor gaan praat? -- Ek het niemand geken daar nie. Dus het ek niemand gehad om mee te gaan praat nie.

Jy sien, hoekom ek vir jou hierdie vrae vra, ek probeer vasstel wanneer het jy nou aansoek gedoen dat julle kan affilieer by UDF? -- As u praat van 'n aansoek, wat bedoel u want toe ek daar was, het ek daarheen gegaan met die verstandhouding dat ek die vergaderings kan bywoon alvorens ek die R100,00 betaal.

HOF : Maar het jy gestem? -- Ek kan nie onthou dat ek gestem het nie. Ek kan nie so goed onthou nie.

MNR. JACOBS : Kan ek dit dan so kry, jy het nooit - is ek dan korrek - in daardie vergadering formeel mondeling aansoek gedoen om te affilieer by UDF nie? -- Ek kan nie onthou

presies/...

presies wat daar plaasgevind het nie, weens die feit dat dit lank gelede is wat dit gebeur het. Wat ek wel kan onthou is dat ek was by hierdie vergadering met die oog daarop om iets oor te dra aan die algemene raadsvergadering. Ek het nie kans gekry om dit te doen nie.

K584 HOF : Wel, die vraag is eenvoudig. Die stelling wat aan u gemaak word, u het nooit in die vergadering mondeling aansoek gedoen om te affilieer by die UDF nie? Die antwoord is of ja of nee? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek dit gedoen het nie.

MNR. JACOBS : En u het ook nie by enige van die kantore gegaan om daar aansoek te doen, jou aansoek vir affiliasie daar in te dien nie? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie, want my doel van gaan daarheen was om die algemene raad se vergadering by te woon.

En u het ook nêrens daarso aan UDF by enige persoon, hetsy in die vergadering self of by enige van die persone wat daar werksaam is of in die kantore werk, jou adres en al daardie tipe goed gegee waarheen hulle korrespondensie van UDF na julle kan stuur nie? -- Ek weet nie of ek dit gedoen het nie. Indien ek dit gedoen het, sal ek nie vir die Hof kan sê of ek dit buite die vergadering gedoen het en of ek dit binne-in die vergadering gedoen het nie.

Dit is darem eienaardig dat jy nou niks van daardie dinge kan onthou nie? Dit is mos belangrike goed? Jy het spesifiek met ŉ doel gegaan na die UDF toe? -- Kyk, toe ek daardie dinge gedoen het, het dit nooit by my gedagte tekom dat ek op ŉ ander dag hieromtrent gevra sal word nie. Dus toe ek dit daar gedoen het, was dit met die bedoeling dat ek die vergadering van die algemene raad bywoon.

Jy/...

Jy het vir die Hof in jou getuienis-in-hoof gesê op daardie vergadering het jy net een persoon geken en dit was Esau. Is dit reg? -- Ja.

Maar dit is mos nie reg nie? Stem jy saam, want daar was Sam Matlole, beskuldigde nr. 17? -- Ek het nou net hier aan u verduidelik dat ek nie seker is van Sam, nr. 17, of hy daar teenwoordig was by hierdie vergadering of nie. Dus kon ek nie melding van hom gemaak het nie.

Jy het Patrick Lephunya geken van die UDF. Is dit reg? -- Ek het hom nie geken nie, behalwe dat ek hom gesien het en ontmoet het die dag toe ek gaan vra het vir die sprekers op die vergadering van 6 November.

Jy het mos nou geweet wie is Patrick Lephunya, jy het geweet hy is van UDF, jy het met hom gepraat? -- Ek het vir Pat Lephunya vir die eerste keer gesien die dag toe ek ŉ versoek gaan rig het oor die sprekers van 6 November en in daardie sien van my is ek nie in staat om vir die Hof hier te kan sê dat ek hom weer kon herken het nie. Dus kan ek nie sê of ek hom daar in die vergadering van die algemene raad gesien het of nie.

Want ek wil dit aan jou stel hy was op hierdie vergadering? -- Hy kon daar gewees het. Ek betwis dit nie. As hy daar was, was hy daar.

Jy sê vir die Hof dat jy het gegaan na hierdie vergadering om ŉ ding in te gee. Het ek dit reg verstaan, het jy gesê om ŉ ding in te gee? -- Ja, dit is reg.

Ek wil net duidelikheid kry, wat se ding wou jy gaan ingee daar? -- By ingee bedoel ek dat ek die probleem van ons van die "replanning" wou daar genoem het by hierdie vergadering van 30 Junie. Dit is die vergadering van die

algemene raad. Dit is wat ek bedoel by iets oor te dra.

Het jy jou dokumente saamgehad, julle memo's en ander dokumente by jou gehad? -- Nee, ek het niks by my gehad nie.

Het jy gedink dit is belangrik om dit saam te vat nie? -- Ek weet van wat gebeur het daar in Evaton. Ek kan dit vertel waar ook al.

Hoekom sê jy jy het nie ŉ kans gekry om dit te doen nie? -- Daarby bedoel ek ek was ŉ nuweling by hierdie algemene raadsvergadering. Hierdie mense het hier te doene met ander groot dinge van belang met betrekking tot die "million signature campaign" en die optrede teenoor "anti-election campaign" wat betrekking gehad het op die Indiërs en Kleurlinge se verkiesings.

Was daar geleentheid aan julle gegee om julle kant te stel as geaffilieerdes? -- Ek het besef dat die mense se aandag, dit wil sê die geaffilieerdes, is besig met die twee kampanjes. Met die gevolg my gevoel was dat as ek nou op hierdie oomblik hierdie probleem van my kan oordra aan hierdie raad, sal die mense nie in staat wees om genoeg aandag daaraan te skenk nie, want hulle aandag is nog gevestig op die twee kampanjes waarmee hulle besig is.

Maar nou stem ek nie saam met jou nie. Volgens hierdie oorkonde was daar baie ander dinge ook behandel behalwe net die twee kampanjes? Daar was behandel gewees die "minutes of the previous meeting". Daar was behandel "correspondence" en terloops "a letter applying for the membership of UDF Transvaal from Vaal Organisation of Women was read. The application was accepted." -- As ŉ mens na hierdie notule kyk, die mense het hier ŉ agenda wat hulle bespreek het en volgens die agenda was die vorige notule gelees en daardie

brief/...

brief en dan was daar besprekings voortspruitend uit hierdie wat alreeds gedoen was. Dus het ek gewag vir tyd om nog iets by te sê wat toe nie daar was nie.

Stem u darem ten minste saam hierdie wat ek vir jou gelees het oor VOW dat die vergdering moet dit aanvaar dat iemand ŉ geaffilieerde word? -- Herhaal die vraag? Ek volg nie die vraag nie?

Stem u saam dat ŉ ander organisasie wat affilieer, dat dit op die vergadering behandel word en dat dit deur die vergadering aanvaar word dat so ŉ persoon - dat so ŉ liggaam toegelaat word om te affilieer? -- Ek sal nie sê dat dit is die enigste reël wat gevolg moet word nie. Of daar ander reëls is nie, maar wat wel hier gebeur het is dat soos dit daar staan op die notule, dat hierdie organisasie het per brief aansoek gedoen en dit was dan so gevolg.

En aanvaar deur die vergadering? -- Ja, dit was aanvaar.

Ek sien in die verslag verder is daar ŉ sekretariële verslag, daar is "million signature" kampanje verslag wat behandel was, daar is finansies wat behandel was, daar is fondsinsameling behandel. So, daar is baie meer goed behandel as net die twee wat jy vir die Hof wil sê dat daardie twee kampanjes het hierdie hele vergadering oorheers? -- Dit is heeltemal reg. Hoekom ek van hierdie twee melding gemaak het is omdat die gedagte in die hele ding was dat ek wou gehad het dat die "replanning" ŉ kampanje gemaak word deur hierdie organisasie by hierdie vergadering, maar weens die feit dat die mense se aandag alreeds op hierdie twee kampanjes gevestig was, was my gevoel dat my kampanje wat ek wil voorstel nie genoeg aandag sal kry nie.

Daar was ook op die vergadering waar die mense toegelaat

word onder "general" of algemeen om hulle standpunte te stel. Is dit reg? -- Ek weet nie of hier in hierdie notule sulke melding gemaak word dat daar in die algemeen ŉ versoek gerig was aan mense om hulle dinge aan hierdie vergadering voor te lê nie, maar wat ek vir die Hof sê is dat ek was later nie meer van gedagte dat ek hierdie besprekings van my moet voorstel by hierdie vergadering nie.

Weet u nie dat die vergadering oopgestel was vir algemene dinge om bespreek te word nie? -- Ek sê ek weet nie, maar wat ek sê is, ek kan nie onthou nie, want dit het lank gelede gebeur.

Maar jy het tog vir die Hof vertel wat jy het die notule deurgelees nadat jy dit gekry het en dit was wat op die vergadering gebeur het en jy is tevrede dit gee ŉ ware beeld van die vergadering? -- Dit is die waarheid.

En as ek jou reg verstaan het in jou getuienis was hierdie kwessie van julle klagte en probleem van ERPA baie ernstig bejeën deur julle? Dit was ŉ baie ernstige probleem, die herbeplanning kwessie? -- Dit is juis die rede hoekom ek nie melding daarvan gemaak het by hierdie vergadering nie.

Maar dan sou ŉ mens mos nou verwag onder algemeen toe jy ŉ geleentheid gebied word om te praat op hierdie vergadering dat jy nou juis jou punt sal stel, dat die ding kan begin word en dat hy kan ontwikkel? -- Dit kon so gebeur het, maar wat ek sê is dat dit sou nie die aandag geniet het wat ek eintlik wou gehad het dit moet geniet nie.

Ek kan nie verstaan wat u daarby bedoel nie, want jy stel jou probleem, hy word gestel in die notule, hy word opgeneem deur UDF en dan word hy ontwikkel. Dan kan hulle

mos/...

mos verdere stappe neem, met jou in aanraking kom en vir jou sê "Kom sien ons"? -- Hierdie ding neem ek na die algemene raadsvergdering. Ek weet nog nie daarvan of dit aanvaar kan word nie en tweedens, ek wil ŉ kampanje gehad het daaromtrent. Ek weet nie of dit op daardie basis aanvaar kan word nie. Hulle is besig met sekere dinge. Ek weet nie of hierdie een van my voorkeur gaan kry op dit wat hulle alreeds in die hande gehad het nie.

HOF : Maar gaan dit nie ŉ bietjie sleg lyk as u nou terugkom daar in Evaton en u sê vir u mede-lede van die komitee van ERPA "Ek het dit nie eers genoem hierdie groot probleem nie"? -- Ek glo nie. Die mense sou maar moes aanvaar het wat ek vir hulle sê. Eerstens, ek is ŉ nuweling by UDF en hier kom ek met my voorstel van die kampanje en ek ken nog nie die mense nie. Ek glo nie hulle sou so haastig gewees het om myne te aanvaar en voorkeur te gee bo die ander wat alreeds daar was nie. Tweedens, dit alleen kon ŉ mens nou nie gedoen het nie, maar wat ek verder kan sê is dat die aandag wat ek verwag het geskenk moes gewees het op hierdie aangeleentheid van my, sou nie genoeg gewees het om die rede dat hulle nog ander dinge by hulle gehad het om mee te handel nie.

MNR. JACOBS : Het jy toe verwag toe jy na hierdie vergadering toe gegaan het, die algemene raad van die UDF sit net en wag tot jy kom om jou probleem te behandel? Jy kon mos verwag het hier sou ander dinge wees wat hulle bespreek? -- Ja, dit is reg. Dit is hoekom ek eintlik toe ek daarheen gegaan het, gaan oplet het na sulke goed, of dit nie daar gebeur nie. Ek het gevind dat dit wel so was toe die gesprekke daar uitgevoer was en toe besef dat daar eintlik kampanjes was waarmee hulle besig is en wat hulle druk besig hou.

Dit/...

Dit wil sê van die ander organisasies wat geaffilieer is.

Jy sê, ek verstaan nou nie, "Ek wou ŉ kampanje gehad het daaroor". Wat bedoel jy daarmee? -- Daarby bedoel ek dat met my aankoms by hierdie algemene raadsvergadering wat daar gehou was, sou ek hierdie herbeplanningsprobleem van Evaton voorgelê het sodat as daar nog ŉ ander organisasie is wat miskien dieselfde tipe probleem alreeds vantevore gehad het, wat nou ŉ ondervinding het daaromtrent, kan ons daarmee help, in die sin dat ons dit daar bespreek. Verder sou ek dit in die hande van die UDF gegee het dat die UDF dit dan in die wêreld bekend maak, dit wil sê wat die probleme is wat ondervind word in Evaton. In hierdie sin het ek dit beskou.

HOF : Wou u gehad het dat hulle pamflette moes uitgee oor u probleem? -- Nee, ek het nie ŉ spesifieke gedagte gehad oor iets wat hulle sal doen nie. Dit sou afgehang het van die besluit in hierdie algemene raadsvergadering hoe dit aanvaar word en wat die algemene raadsvergadering besluit gedoen moet word.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, ek wil net vir jou nog twee aspekte oor hierdie kampanjestorie van jou stel. Dit is vir my interessant dat jy sê "Ek wou ŉ kampanje gehad het." Is dit dan jou besluit dat daar moet ŉ kampanje wees? -- Nee, dit was nie my eie besluit dat dit ŉ kampanje moet wees nie. Ek sou dit voorgelê het aan die algemene raadsvergadering. Hulle sou dan besluit het wat gedoen moet word.

Het/...

Het jy 'n opdrag gehad van jou organisasie dat julle moet gaan voorlê aan UDF dat julle verlang dat 'n kampanje gevorm moet word? -- Die besluit van my organisasie was dat ek hierdie probleem moet oordra aan UDF.

Was die stelling wat hier gemaak is deur jou dat jy wil 'n kampanje hê dan jou eie? Jy wou 'n kampanje gehad het oor die herbeplanning in Evaton? -- Wat ek oorgedra het deur te sê is die volgende. Dat dit sal onder bespreking kom by die algemene raadsvergadering en met die bespreking bestaan daar 'n moontlikheid dat dit besluit kan word dat dit as 'n kampanje uitgevoer kan word.

Die ander aspek, jy sê daar was dan eintlik twee oogmerke gewees. Jy wou gehad het dat daar 'n kampanje gevoer moet word en die tweede is, jy wou by ander organisasies gehoor het of hulle soortgelyke inligting of ondervinding gehad het. Is dit reg? -- Dit is nie reg nie. Wat ek sê is die volgende. Ek het hierdie bespreking oorgeneem en oorgedra die boodskap aan UDF met die oog daarop dat dit dan daar besluit word deur die vergadering of dit wat ek nou oorgedra het aan hulle as 'n kampanje uitgevoer kan word of nie.

Die tweede been was, is ek daarmee verkeerd dan, u sê mos ek is verkeerd, is daardie tweede been verkeerd dat u ook van ander organisasies wou uitgevind het of hulle soortgelyke ondervinding het as julle en dat julle inligting kon uitruil? Is dit korrek? -- Ja, ek sê so.

So, dit is so. Dan is my vraag doodeenvoudig aan jou, as jy wou inligting ingewin het, dan kon jy mos onder algemeen opgestaan het en gesê het "Ons ondervind hierdie probleem van herbeplanning. Ons wil graag in aanraking kom met ander organisasies wat soortgelyke probleme het, is hier by die

vergadering/...

vergadering sulke organisasies? Kan ons ontmoet?" -- Ek het besef dat dit my nie verder sal help om melding daarvan te maak nie, omdat ek alreeds gesien het dat UDF besig was met sekere ander take en dat hulle nie sommer dus kan afwyk van daardie take om hierdie een van my aan te pak nie.

Ja, maar dit sou mos nie 'n afwyking wees nie, want jy kon mos maklik daar uitgevind het is daar organisasies met dieselfde ondervinding en hoekom het jy dit nie gedoen nie? -- Ek het alreeds gesê dat in my teenwoordigheid daar het dit duidelik geword dat die UDF besig was met die ander twee kampanjes en my oorweging daarvan het ek geoordeel dat die UDF nie in staat sal wees om nou weer aandag te skenk aan hierdie probleem van my alvorens hulle daardie ander twee verder uitgevoer het nie.

So, hulle kon ook self nie vir jou inligting gee en sê "Organisasie X van so en so 'n plek het dieselfde probleem gehad" nie? Of die afgevaardigde van daardie organisasie kon nie eers opgestaan het en gesê het "Ons het die probleem dieselfde as julle. Kom ons praat" nie? -- My gevoel was dat hierdie boodskap van my oorgedra moet word aan die vergadering. Terselfdertyd na ek besef het dat hulle besig was met ander kampanjes wou ek nie hulle aandag afgetrek het van dit waarmee hulle besig was nie. Dus het ek dit nie oorgedra nie.

Ek stel dit aan jou dat hierdie bewering van jou dat jy na hierdie vergadering gegaan het spesifiekmet die doel om julle probleem daar te gaan oordra en UDF betrokke te kry met hierdie sogenaamde probleem, is nie die waarheid nie, want as dit van so 'n erns was, sou jy dit oorgedra het? -- Ek vertel hier die waarheid.

As/...

As jy dan daar op die vergadering besef het jy kan dit nie daar doen nie, hoekom het jy nie- jy het mense geken by UDF, jy het geweet waar om hulle te kry daar in die kantoor - raad gaan soek by die amptenare of die komiteelede of ander lede van UDF daar in die kantore of hoe dat jy te werk moet gaan om dit te doen nie? -- Dit was nie my bedoeling gewees om dit bekend te maak aan die mense teenwoordig nie. My bedoeling was om dit te plant tussen die meerderheid van die mense van verskillende organisasies daar teenwoordig. Was dit miskien die bedoeling dat dit aan sekere organisasies alleenlik bekend moet word in 'n klein getal, sou ons dit gedoen het, maar omdat die bedoeling daar was dat die meerderheid van die organisasies wat bymekaar is hiervan moet weet, is dit die rede dat die bedoeling was dat dit daar bekend gemaak moet word by hierdie algemene vergadering.

Maar ek praat nie van kleiner getal organisasies nie. Ek vra vir jou spesifiek van die beamptes en lede van UDF se bestuur wat jou kon gehelp het om die ding op 'n behoorlike basis op 'n agenda te kry vir die volgende vergadering? -- Kyk, ek het al aan u verskeie kere oorgedra, op die ou end sal ek die vraag antwoord, want ek het aan u gesê dit was my gevoel gewees dat as gevolg van die kampanjes van die MSC en die Anti-Election campaign van die Indiërs en Kleurlinge het ek gevoel dat daar te veel is vir hierdie organisasie om mee te handel. Met die gevolg dat ek besluit het om dit nie daar oor te dra nie. Dit is die rede hoekom ek dit nie gedoen het nie.

Verstaan ek dan vir jou korrek dat jy besluit het hierdie probleem van julle word nie meer na die UDF geneem, glad nie? -- Na hulle klaar was met die kampanjes waarmee hulle besig

was, sou ons ons probleme aan hulle oorgedra het.

Wanneer sou dit nou gewees het? -- Ons sou gewag het tot tyd en wyl hierdie kampanjes gestop is, dat hulle nie meer verder uitgevoer word nie.

So, jy het op jou eie besluit, jy sal nou wag tot een dag op ʼn onsekere datum wanneer hulle klaar is met daardie kampanjes en dan sal julle julle probleem, wat so dringend is, aan hulle gaan stel? -- Dit was nie my besluit gewees nie. Na ek by hierdie algemene raadsvergadering van die UDF was, het ek aan my komitee ʼn terugvoeringsverslag gemaak, waarop hulle toe besluit het dat ons gaan wag tot tyd en wyl ons op hoogte is met wat gebeur oor hierdie kampanjes waarmee die UDF besig is.

Hoe sou julle op hoogte gebly het daarmee en met watter kampanjes hulle besig is en wanneer hulle klaar is? -- As ʼn komitee van Evaton Ratepayers Association het ons dit so verstaan dat die MSC is die kampanje van die Million Signature Campaign, wat dan na die miljoen handtekeninge bekom is, voltooi gaan word. Dus gaan hulle nie meer voort daarmee nie. Die tweede kampanje was oor die verkiesing van die Indiërs en die Kleurlinge wat gehou sou word en na dit verby is, sou dit dan beteken dat beide kampanjes voltooi is. Dit is die gedagte wat ons gehad het.

Hierdie twee kampanjes wat jy nou noem, was hulle afsonderlike kampanjes of was hulle deel van ʼn groot kampanje teen die nuwe konstitusie en die grondwet en teen die Koornhof wette? -- Wat ek van weet is, daar was ʼn kampanje van die Million Signature Campaign en dan ʼn kampanje van die verkiesings van die Indiërs en Kleurlinge. Ek weet nie by watter ander kampanje is hulle betrokke of wat is hulle

hoof/...

hoof onderwerp nie.

Die vergadering van 14 Julie 1987 het jy ook bygewoon. Is dit korrek? -- As my organisasie daar verteenwoordig was, dan is dit veronderstel ek te wees.

HOF : Maar kan u nou onafhanklik onthou of u daar was of nie? -- Ek onthou.

Onthou u dat u daar was? -- Ja, ek onthou dat ek daar was.

Dan kon u die vraag mos beantwoord het met ja? -- Ja, ek het alreeds erken dat ek onthou ek was daar.

MNR. JACOBS : Hoe het jy by die vergadering gekom? Hoe is jy soontoe? -- As ek reg onthou was ek alleen.

Het jy nie saam met beskuld de nr. 17 en Esau soontoe gegaan nie? -- Nee, ek onthou dat ek alleen soontoe was.

Kan jy onthou dat beskuldigde nr. 17, Esau en beskuldigde nr. 7 daardie vergadering bygewoon het? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoekom het jy die vergadering bygewoon? -- Dit was ŉ opvolging van die vorige vergadering wat ek reeds bygewoon het van die algemene raadsvergadering van UDF.

HOF : Was hierdie ook ŉ algemene raadsvergadering? -- Die vorige vergadering wat ek bygewoon het van die algemene raad by UDF is die een van 30 Junie in daardie jaar. Daar was besluit gewees dat as gevolg van die feit dat daar nie al die onderwerpe bespreek was by hierdie vergadering nie, daar ŉ spesiale algemene raadsvergadering gehou behoort te word om daardie besprekings van die onderwerpe wat nie op hierdie dag uitgevoer kon word, te kan bespreek. Met die gevolg is ek nie in staat om vir die Hof te sê of dit nou die spesiale algemene raadsvergadering was wat gesit het wat

op die/...

op die 30ste besluit het en of dit net ŉ gewone algemene raadsvergadering van UDF was nie. Mag ek hierdie korrigeer. Wat ek sê is nie dat ŉ besluit by hierdie vergadering van die 30ste daar geneem was oor hierdie spesiale algemene raadsvergadering wat sit nie. Eksê nie dit kan wees dat dit per brief was dat ek kennis gekry het van ŉ spesiale algemene raadsvergadering van UDF wat gehou gaan word na aanleiding van die onderwerpe wat nie bespreek kon word by die vergadering van die 30ste Junie nie.

Ons gaan aan met die ding. Op hierdie vergadering, is dit die vergadering waar beskuldigde nr. 21 die voorsitter was? -- Ja, sover ek onthou.

En is dit reg dat, as ek jou vorige getuienis reg verstaan het, hierdie keer het jy nie spesifiek gegaan na hierdie vergadering ook om jou probleem van jou organisasie van die herbeplanning van Evaton daar te gaan stel nie? -- Ja, dit is so.

Die ander vergadering wat jy bygewoon het van UDF wat gister geblyk het is 11 September, algemene raadsvergadering? -- Ek kan nie so goed onthou dat ek op 11 September ŉ algemene raadsvergadering van UDF bygewoon het nie.

<u>HOF</u> : U kan onthou dat ek gister vir u die boek gewys het en dat u gesê het dit is definitief u handtekening? -- Ja, ek onthou dit.

<u>MNR. JACOBS</u> : Was UDF se miljoen handtekening kampanje toe al afgehandel? --Sover as wat my kennis strek weet ek nie of dit al voltooi was nie. Wat ek wel kan onthou is dat hulle nog voortgegaan het.

Het hulle nog voortgegaan op daardie stadium met die kampanje? -- Dat die kampanje nog voortgegaan het.

Die/...

Die miljoen handtekening kampanje? Ek wil net seker wees dat ons oor dieselfde ding praat? -- Ja, ek praat daarvan.

En die verkiesing, was dit nog nie afgehandel gewees nie? -- Ja, dit lyk my dit was nog nie afgehandel gewees nie.

Is jy seker daarvan?-- Ja, ek onthou so.

U sien, want my inligting is dat die Indiërverkiesing en die Kleurlingverkiesing was in Augustus 1984 afgehandel gewees? -- Praat ons dan nie van Juliemaand se vergadering nou nie?

HOF : Nee, ons is nou oor na die vergadering van 11 September 1984? -- O, dan het ek daar per abuis geantwoord. Kyk, u is ook self te blameer daarvoor. Moenie rondspring nie, man. Vra oor ŉ ding waaroor ons praat en bepaal jou daarop sodat ons daarmee klaar maak en verbygaan na die volgende ding. Moenie sommer rondspring enige tyd nie.

Dit is juis wat ek gehoop het die advokaat doen dat hy vinnig by 14 Julie verby is en nou by 11 September is? -- Nee, maar hy het my aandag afgetrek na daardie datum toe, want hy het gepraat van die "million signature campaign." Ek konsentreer daarop, want dit is ou dinge hierdie.

Kom ons begin nou weer voor. Ons praat nou van 11 September 1984.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê was hierdie kampanjes afgehandel gewees, dit is die "million signature" en die Kleurlingverkiesings by 11 September 1984? -- Wat ek wel kan sê is, wat ek kan onthou is dat die verkiesings van die Indiërs en Kleurlinge was alreeds verby, dit wil sê op die datum van Septembermaand. Wat ek nie met sekerheid kan sê nie is dat die "million signature campaign" al verby was of nie teen daardie stadium.

Maar/...

Maar was die "million signature campaign" dan nie juis spesifiek gewees om 'n miljoen handtekeninge te soek om te bewys dat 'n miljoen mense hulle ondersteun dat die Kleurlinge en Indiërs nie moet stem nie? -- Nee, my verstaan van daardie kampanje was dat dit teen die apartheid was.

Met ander woorde, daardie kampanje gaan tot selfs vandag voort? -- Bedoel u nou wat ek hier in die getuiebank taan? Ek weet nie of dit nog voortgaan nie.

As dit teen apartheid is, dan behoort dit, volgens jou antwoord, logies te wees dat hy tot vandag toe ook nog voortgaan? -- Nee, nee, luister mooi. Ek sê hierdie kampanje was gemik op apartheid en dus my verstaan daarvan is die volgende. Sodra daar 'n miljoen handtekeninge bekom was, dan was die kampanje voltooi.

Maar die Kleurlingverkiesings was verby. Dit stem jy mee saam, nè en die Indiërverkiesings? Stem jy saam? -- By watter tyd nou? In Septembermaand?

Septembermaand? -- Ja.

Het jy jou probleem van die herbeplanning toe gestel op daardie vergadering of gegaan na die vergadering van 11 September om dit spesifiek daar te stel? -- By daardie tyd was ek druk besig gewees na die begin van die onluste en die probleme van die Vaal. Ek was dus destyds betrokke by die reëlings met betrekking tot die persone wat oorlede was as gevolg van die gebeure daar. Ek het baie te doene gehad. Ek kan sê ek het te veel ysters in die vuur gehad.

Kan ons, om hierdie kwessie van julle probleem te stel nie, wanneer is jy gearresteer? -- 12 Desember 1984.

Van 6 November 1983 tot daardie datum van jou arrestasie, het jy en jou organisasie enigiets gedoen om hierdie

sogenaamde/...

sogenaamde probleem oor herbeplanning by UDF voor te lê, hetsy mondeling, hetsy skriftelik, hetsy op ŉ vergadering? -- Ons het dit nie gedoen op al die wyses soos wat u nou genoem het nie.

HOF : Of op enige van die wyses? -- Op enige van daardie wyses.

MNR. JACOBS : Het julle enigiets gedoen om inligting van ander organisasies te probeer kry wat moontlik met dieselfde probleem gesit het as julle? -- Ek het nou net vroeër op ŉ vraag geantwoord toe u my gevra het of ek al ooit enige amptenaar van die UDF hieromtrent gespreek het. In antwoord het ek gesê dit was nie gemik op ŉ privaat persoon of ŉ enkel persoon of ŉ organisasie nie. Dit was bedoel vir die algemene raadsvergadering van die UDF.

HOF : Die antwoord is dus nee? -- Nee, op watter vraag nou weer?

Die antwoord op die vraag julle het nie iets gedoen om inligting uit te vis van ander organisasies wat dieselfde probleem het nie en daarop is die antwoord nee? -- Ja, die antwoord is nee.

MNR. JACOBS : Dan net om hierdie ding heeltemal af te sluit, kan jy dan net vir my sê in hierdie tyd het jy heelwat van die beamptes, amptenare en hoogstaande persone in die organisasie UDF ontmoet en daar was genoeg geleentheid, as jy wou, om die probleem te stel? -- Ek het in aanraking met hulle gekom, maar daar was nie tyd om hierdie aangeleentheid met hulle te bespreek waar ek hulle ontmoet het nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 9 MAART 1987.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**


**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:


*Document ID:-* **AK2117-I2-5-188**
*Document Title:-* **Vol 188 p 9762-9801. Witness: Mokoena**